1.1 **DIT WAS 'N WONDERLIKE JAAR**

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy vertel van die goeie dinge wat in 2022 met hom/haar gebeur het.
- Die opstel word in die verlede tyd geskryf.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Watter goeie dinge gebeur het;
  - Waar en wanneer dit gebeur het;
  - Hoe dit gebeur het; en
  - Hoekom dit goed vir die kandidaat was. **[40]**

1.2 **MY OUERS IS DIE BESTE**

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy van sy/haar goeie ouers vertel.
- Die opstel kan in die teenwoordige tyd of verlede tyd geskryf word (bv. as die ouers nie meer lewe nie).
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Wie die kandidaat se ouers is en wat hulle doen;
  - Watter tipe mense die kandidaat se ouers is;
  - Waarom die kandidaat dink sy/haar ouers die beste is; en
  - Watter rol die kandidaat se ouers in sy/haar lewe speel. **[40]**

1.3 **MY OUMA SE STORIE**

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf oor een van sy/haar ouma se stories waarvan hy/sy die meeste hou.
- Die opstel kan in die teenwoordige tyd of verlede tyd geskryf word.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Van watter storie die kandidaat die meeste hou;
  - Waaroor hierdie storie gaan;
  - Wanneer die kandidaat se ouma hierdie storie vertel; en
  - Hoekom die kandidaat die meeste van hierdie storie hou. **[40]**

1.4 **KEUSES**

- Die kandidaat moet 'n **opstel** van 200–250 woorde skryf waarin hy/sy vertel van 'n paar keuses wat hy/sy gemaak het wat sy/haar lewe verander het.
- Die opstel word in die verlede tyd geskryf.
- Die belangrikste elemente kan die volgende wees:
  - Watter keuses die kandidaat gemaak het;
  - Hoekom die kandidaat hierdie keuses gemaak het;
  - Hoe hierdie keuses die kandidaat se lewe verander het; en
  - Wat die kandidaat anders sou/sal doen as hy/sy weer kon/kan kies. **[40]**

2.3 **DIALOOG**

**FOKUS (OPDRAG)**

Die kandidaat moet 'n **dialoog** tussen hom/haar en die maat skryf oor die kandidaat se uitnodiging na die musiekkonsert.

**KENMERKE VIR HIERDIE SKRYFSTUK**

- Getal woorde: 80–100 woorde.
- Die skryfstuk moet duidelik as 'n dialoog herkenbaar wees.
- Die aanspreekvorm moet informeel wees; dus geskik vir 'n dialoog tussen die kandidaat en sy/haar maat.

**INHOUD, IDEES EN DETAIL**

- Die kandidaat moet:
  - Die gesprek tussen hom/haar en die maat neerskryf;
  - Die maat uitnooi na 'n musiekkonsert waarvoor hy/sy kaartjies gekry het; en
  - Sê waar en wanneer die musiekkonsert gaan wees en wie by die musiekkonsert gaan sing.
- Elke idee moet genoegsaam met gepaste detail uitgebrei word.

**FORMAAT**

- Die sprekers se name staan teen die linkerkantste kantlyn.
- Daar is 'n dubbelpunt na die naam.
- Daar word geen aanhalingstekens gebruik nie.
- 'n Reël word na elke spreker (spreekbeurt) oopgelaat.
- Ekstra inligting word tussen hakies geskryf.
- Geen punte word na die hakies gebruik nie.

**STYL, TOON EN REGISTER**

- Die toon en register moet pas by die situasie waar twee maats met mekaar praat, nl. informeel en opgewonde.
- Die kandidaat se styl is uitnodigend en verduidelikend, dog oorredend, terwyl die maat opgewonde is.
- Hanteer hier tipiese "praattaal", bv. onvolledige sinne.

